



God is Drie Persone

God is so *oneindig* groot dat ons *nooit* alles van Hom sal weet nie. Ons kan God nie verstaan nie.

Die Bybel vertel vir ons dat God *Een* is. Ons het geleer dat daar *net een* God is. Maar die Bybel vertel ook vir ons dat God *drie* is. God is drie *Persone*, maar tog is Hy een *God*. Dit is iets wat ons glad nie kan verstaan nie.

Die Bybel vertel vir ons van God die Vader, en van God die Seun, en van God die Heilige Gees. *Hulle* is drie persone.

God die Vader is in die hemel.

Jesus is *God die Seun*. Jesus het as 'n baba na hierdie aarde gekom. Ons onthou sy geboorte met Kersfees.

God die Heilige Gees het neergedaal om by Jesus te wees. Hy het gekom toe Jesus gedoop is. En daarna het hy weer gekom, om in die harte van almal wat in Jesus glo, te kom woon.

Daar was 'n man met die naam van Johannes, wat mense in die rivier gedoop het. Die mense het hom 'Johannes die Doper' genoem. Eendag het Jesus ook na Johannes die Doper gegaan om gedoop te word.

Johannes en Jesus het saam in die water gegaan. Johannes het vir Jesus gedoop.

Toe hulle uit die water opkom, het Johannes 'n wonderlike ding gesien. Iets wat soos 'n *duif* gelyk het, het uit die hemel gekom en reg op Jesus se kop kom sit.

Dit was nie 'n *egte duif* nie. Dit was God die Heilige Gees in die *gedaante of vorm* van 'n duif.

Op dieselfde oomblik het Johannes 'n stem gehoor. Daardie stem het gesê, "Dit is My geliefde Seun!" Dit was die stem van God die *Vader*. Hy het uit die hemel gepraat.

Op hierdie manier het God na Homself as *drie Persone* gewys. Jesus, die Seun van God, is gedoop. God die Heilige Gees het neergedaal in die vorm van 'n duif. En God die Vader het uit die hemel gespreek. Dus al drie Persone was daar: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hoe wonderlik en groot is God!

As daar vandag iemand gedoop word, word hy gedoop in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees, omdat God drie Persone is.

Gesels hieroor:

1. Is daar meer as een God?
2. Wie is God die Seun?
3. Wat het God die Vader gedoen toe Jesus gedoop is?
4. Wat het God die Heilige Gees gedoen toe Jesus gedoop is?

Baie lank gelede het 'n Psalmkrywer geskryf:

Die HERE is groot en baie lofwaardig.

(Psalm 145:3)

Wat ons kan lees:

Matteus 28:16-20

Wat ons kan sing:

Loof God, die Bron van alle seën,
Loof alle skeps'le om ons heen
Loof Hom, die Vader, Seun en Gees,
Mag Hy vir ewig Koning wees!

Ons loof U, Vader, Bron van seën,
U, Heil'ge Gees, wat troos en steun,
U, Christus, wat ons kom bevry
En vir die Koning voorberei.

Kom ons prys nou die drie Persone as ons tot God bid:

Vader, ons prys U, omdat u so groot is. Jesus, ons sê dankie dat U na hierdie aarde gekom het om ons Verlosser te wees. Heilige Gees, kom woon in ons hart, en maak ons kinders van God. Amen.

Marian Schoolland

© 2018

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*